**Studentediversiteit op die platform van kliniese opleiding**

Die FGGW se strategie is om ’n mensgesentreerde institusionele kultuur te kweek wat persoonlike ontwikkeling, gesondheid en welsyn, diversiteit, inklusiwiteit, gelykheid en ander menseregte bevorder. Die sukses hiervan is onder andere ’n inklusiewe en verwelkomende omgewing waarin almal met respek en waardigheid behandel word.

Die FGGW fasiliteer voorts studente se opvoedkundige geleenthede om eienskappe van graduandi te ontwikkel. Dit sluit in graduandi as veranderingsagente en mense wat mekaar se waardes, oortuigings, kulture en leefstyle voorstaan en verdra.

Die ontwikkeling van sodanige eienskappe word bevorder deur die filosofie van ons koshuisbeleid wat studente uit diverse agtergronde aanmoedig om saam in ’n koshuis te leef en saam as jong volwassenes te groei. Daar word nie verwag dat studente van verskillende geslagte ’n kamer deel nie, *maar die Fakulteit kan nie waarborg dat studente van verskillende geslagte in afsonderlike huise geplaas sal word nie. In gevalle waar individue dit onaanvaarbaar vind en verkies om af te sien van die verblyf wat deur die Universiteit gebied word, sal hulle self die verblyfkoste moet dra.*

Die Fakulteit roem hom op die verskaffing van geleenthede vir kliniese rotasie op ’n diverse kliniese platform in stedelike omgewings asook in landelike en onderbediende gemeenskappe. Ons het ’n stelsel waarvolgens verblyf aan studente gebied word wanneer die afstand na hierdie omgewings vanaf die kampus te groot is.

Ons moedig daarom studente uit verskillende agtergronde, kulture en gelowe aan om die leef-en-leer-filosofie in ons omvattende netwerk van studenteverblyf op die kliniese platform uit te leef.

Die Universiteit gee erkenning aan die feit dat, alhoewel ons in ’n godsdienstige omgewing werksaam is, ons in beginsel ’n akademiese instelling en nie ’n godsdienstige instelling is nie, en dus nie kan gehoor gee aan alle geloofsgemotiveerde versoeke om nie saam te leef en te leer nie.

Ontwikkel deur Therese Fish

10 Junie 2014 (bygewerk op 14 Augustus 2014 op grond van TSR-terugvoering)

Op 21 Augustus 2014 deur die Fakulteitsbestuur goedgekeur